Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 29 MEI 2009

Wintertyd en siekwees loop hand aan hand. Ons doen weer eens 'n **ERNSTIGE** beroep op ons ouers om groot asseblief nie u siek kind skool toe te stuur nie, aangesien ons wintersiektes meestal aansteeklik is. Indien u kind tydens 'n toetsweek siek is, en hy of sy kan nie die toets kom skryf nie, is die reëling dan dat u kind se deurlopende punt aan hom of haar toegeken word.

FINANSIES

Ons nader die einde van Mei nou vinnig en soos in 'n vorige nuusbrief vermeld sal die rekeninge wat 90 dae agterstallig is, dan oorhandig word. Ons vra u samewerking om hierdie stappe te voorkom, aangesien dit geweldige kostes vir u as ouers inhou. Ons wil graag met u 'n reëling tref - kontak ons asseblief. Graag bedank ons ook ons ouers wat so getrou en gereeld betalings doen. U dra ons. Ons waardeer dit. Indien u enige navrae rondom rekeninge het, kontak asseblief die kantoor.

VOORTREKKERS

Die Voortrekkerinlywingsfunksie vind op Dinsdag, 2 Junie, om 18:30 in die skoolsaal plaas. Dit vervang die byeenkoms van die middag.

Voortrekkers, ons sien julle almal daar! Dit gaan 'n heerlike sop- en broodjies-aand wees.

Aan ons ouers: Ons wil julle ook almal graag hier ontvang. Kom geniet die aand saam met u kind/ers.

HUISEIENAARS

Wil u graag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 - 4463913**.

J.F. POM-POMS

Hiermee nooi ons u uit om na die eerste kompetisie van ons J.F. pom-poms te kom kyk. Hulle tree Saterdag, 30 Mei om 14:50 by Tempe op. Ons hou vir julle duim vas. Baie dankie aan juf. Elizma wat hulle so mooi afrig.

NB: KENNISGEWING - BEHEERLIGGAAMVERKIESING:

'n Verkiesing vir nuwe lede gaan D.V. op **19 Junie 2009** by die skool gehou word. Teken asseblief hierdie datum in u dagboek aan, sodat ons die maksimum ondersteuning van ons ouers kan kry. Nominasievorms is volgende week by die kantoor by Zetta van Vuuren beskikbaar.

Ons beplan om ook op hierdie dag bietjie met ons leerders te spog, deur 'n kunswedstrydkonsert te hou met ons leerders wat op die afgelope kunswedstryd opgetree het. Ons nooi u dus hartlik uit om twee vlieë met een klap te kom klap.

BAIE GELUK aan Graca Teixeira met haar insluiting in die Vrystaat O/13B-netbalspan. Ons is baie trots op jou.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

OPREGTE WORSHONDJIES TE KOOP.
(Pa en ma is altwee honde – ha-ha)
Kleintipe – bruin – een reuntjie en een tefie.
Skakel 0834433004.

TWEE HONDJIES (tefies) is op soek na goeie huise om kinder harte warm te maak. Ons 'baas" is oorlede en ons wil nie nou al na die honde hemel gaan nie. Skakel asseblief nommer 0822009468.

UITTOG NA DEALSVILLE 'n lekkerte....
Hiermee wens ons, ons rugby- en netbalspanne sterkte toe, wat môre-oggend op Dealesville, wedstryde gaan speel. Ons weet julle gaan ons naam hoog hou. Aan die personeel wat hulle gaan vergesel, baie dankie vir julle opoffering om 'n positiewe bydra tot ons kinders se buitemuurse opvoeding te lewer. Dit word opreg waardeer.